

Doopdiens in ongeveer 1943/5 - *Gemeentes van Christus*, Pretoria. Hierdie doopplegtigheid was voltrek deur Eerwaarde C.J. Beetge (Hy was die Stigter van die *Gemeentes van Christus* in ongeveer 1943 en toe hy en sy gade uit die *Volle Evangelie Kerk* van wie hy ook 'n stigterslid was, getree het en nadat die Here hom dieper gelei het met Skrifondersoek oor Godheidverklaring. My Oupa Arie R J Blomerus staan hier in die water heel aan die linkerkant en die man heel agter in die middel was Pastoor Snyman wie ook die herdoop in die Naam van Jesus ondergaan het en `n gemeente in Eloffsdal, Pretoria, behartig het. Eerw. C.J.Beetge staan by die doopkandidate (die man met die das derde van regs).

My Oupa Blomerus was dan die Pa van Evangelis Arie Rasmus Johannes Blomerus, gebore 16 Desember 1910 (oorlede 6 Nov. 1997). Ev. Arie was getroud met Hermina Elizabeth Botha (Miemie), gebore 29 Mei 1920 - oorlede 19 November 2004 – hulle was sestig jaar getroud.

Die Here het die lig van die doop in die Naam van Jesus (Hand. 2.38) laat deurbreek in Suid-Afrika in ongeveer 1943. Miemie en Arie het dit heelhartig aanvaar na ywerige Skrifondersoek en dit was veral Miemie wat dit met groot entoesiasme omhels het – sy self was altyd `n ywerige leser van die Woord. Die egpaar het saam besluit om die doop in die Naam van Jesus in 1943 te ondergaan en hulle was tot en met 1957 `n groot ondersteuning vir die leierskap van die *Gemeentes van Christus* waar Ev. Arie dikwels die Woord gebring het, gepaardgaande met die salwing van die Geesgawes. In 1957 het die Here beide Arie en sy vrou ontmoet en gelei om uit georganiseerde kerkdom uit te tree en op God se openbaring het hulle toe met huisdienste in Pretoria begin. Daar was, ook op God se opdrag, intens gebid en gevas vir Herlewing omrede die Geesgawes feitlik landwyd uitgeblus/gekortwiek was deur rigiede kerklike voorskrif en afbakening en veral met betrekking tot die gawe van talespraak en profesie. Dit was in hierdie tye wat Ev. Arie hom veral toegelê het om terug te keer na die Woord, ook met betrekking tot die behoud van die Geesgawes.

My Oupa Blomerus (1) was voor sy bekering in 1926 en toe die hele gesin die grootdoop by die Volle Evangelie Kerk, Lichtenburg, ondergaan het, `n standvastige, toegewyde Dopperouderling. Hy het altyd groot ondersteuning aan Arie en Miemie gegee veral met betrekking tot Arie se bediening. Ev. Arie het vanaf 1926 saam met sy broer, Hennie, vir die Here in Suid-Afrika gewerk en hulle het baie kosbare oomblikke van ontmoetings met Jesus beleef en ook gedeel – alhoewel hulle elkeen hulle eie tipe bediening gehad het (beide se name verskyn soos verneem op die ererol van die aanvanklike Spade Reën Sending (Jatneël, Benoni) en beide het `n hegte band as bloedbroers behou alhoewel hulle paaie later kerklik uitmekaar gevloei het en toe beide hulle uiteenlopende geestelike ideale uitgelewe het.

Tot en met veral 1939 was dit dan, op die geestelike gebied, `n tyd wat gekenmerk was aan die werking van die Geesgawes op `n baie besondere wyse wat hierdie beweging betref. Arie was vir ongeveer tien jaar `n voltydse, rondgaande pionierevangelis in die dertigerjare vir die Spade Reën Sending. Na sy troue in 1937 het hy en sy vrou egter voortgegaan met hierdie tipe geloofsbediening (Beide se oudioboeke spreek van hierdie tipe besondere Heilige Gees-bediening maar wat beslis ook van beide besondere volharding in geloof vereis het).

(1) Gebore in Boshof, O.V.S., 1876; oorlede Upington 1950, seun van Jacobus Johannes Zacharias Marthinus Blomerus en Heletjie Magdalena (Benade) Blomerus; getroud met, (1) Sophia Magdalena (Lenie) Fischer, gebore Beaufort Wes (1875) oorlede op Keimoes (Kakamas), 28 Desember 1915, en (2) na haar afsterwe weer getroud met weduwee Snyman (gebore van der Westhuizen). Hy was dan die Pa van Evangelis Arie Rasmus Johannes Blomerus, gebore 16 Desember 1910 (oorlede 6 Nov. 1997). Ev. Arie was getroud met Hermina Elizabeth Botha (Miemie), gebore 29 Mei 1920 en oorlede 19 November 2004. Miemie was die dogter van Jakobus Johannes (Koot) Botha en Hermina Elizabeth Le Roux. Arie se oudste broer was Herucus (Hennie), sy suster Maria (Miem) Jooste (Blomerus), en sy jongste broer, Johannes (Hannes) Matthys Blomerus, wie maar 18 maande oud was toe sy Ma afgesterf het in 1915.

Net om die scenario te voltooi: Die Here het in 1939 die skeuring van die Spade Reën Sending deur die profetiese bediening van Evangelis Arie Blomerus aangekondig – God het hom aangesê soos wat dit met die profete van ouds gegaan het, om na `n algemene Sondagraadsvergadering toe te gaan waar "Ek my woorde op jou tong sal lê" en waar 120 voltydse gemeentelike werkers van God bymekaar gekom het - hy kon hierdie aangeleentheid in detail beskryf het maar ek beskryf dit baie kortliks hier. Alles het net so verloop soos wat God hom gewys het dit sou realiseer.

Daardie oggend het die Here *in detail* en baie direk in kragtig Geesgedrewe profesie verklaar waarom hy `n skeuring bring in, wat Evangelis Arie altyd genoem het, "`n lieflike Heilige Gees-beweging van God" was maar waar alles ook nie altyd volgens God se wil plaasgevind het nie! Dit het in `n betreklik kort tydperk (inaggenome daardie tyd) tot `n groot beweging van etlike duisende *landwyd* beloop en God het ryk en arm, geleerd en ongeleerd, aansienlik en onaansienlik, gered en baie vervul met Sy Gees. God het Corrie Prinsloo ook kragtig gebruik en dieselfde kan gesê word van Maria Fraser maar Evangelis Arie was `n profeet wat op `n baie besondere wyse gesalf was. Sy getuienis word geensins aangedik nie. Dit spreek vanself hoe direk God hom gebruik het.

Omdat Evangelis Arie nie kant wou kies tussen die twee groepe wat toe binne ses maande na hierdie profesie ontspring het nie – God het veral die leierskap aangespreek – was die "Christenwerkers" (die naam was aanvaar) - in Pretoria gestig en waarvan hy natuurlik `n werker en een van die aantal stigterslede was maar kort daarna het die Here die lig van die Naam van Jesus in die doop vir hom en Miemie oopgemaak.

Evangelis Arie, wie self baie bedrewe in die Skrifte was, het na intense samesprekings, ook veral met `n teologiese proponent wat nie deel van die groot Spade Reën Sending was nie maar wie hom toe saam met sy medevennoot by die nuwe "Christenwerkers" gevoeg het saam met `n aantal van sy lidmate (nie `n groot getal nie volgens Evangelis Arie) besluit om hom by die *Gemeentes van Christus* te skaar. Hierdie teoloog was `n kans vergun om met Arie in debat te gaan maar hy wou nie. Miemie wie saam met haar man betrokke by hierdie saak was, het dit so vertel aan `n sekere vrou in Swellendam wie navraag oor die stigting van die "Christenwerkers" gedoen het omrede sy nie die oorsprong van die saak geken het nie of dalk `n ander weergawe daarvan gehoor het.

Na die skeuring en die hergroepering van die twee liggame, die *Spade Reën Sending* onder Maria Fraser en die *Lede in Christus* onder Corrie (Cornelius) Prinsloo se leierskap, was Evangelis Arie deur beide gevra om hom onderskeidelik by hulle te skaar maar Arie het dit van die hand gewys – sy begeerte was, weens die sterk salwing van die Heilige Gees wat op hom gerus het, om nooit partydig te wees nie en hy het ook natuurlik nie met alles wat verkondig was altyd saamgestem nie. Hy het dit by sy bekering aan God belowe en om ook nooit geld in ruil vir die Geesgawes te ontvang nie - "want dan kan die Here jou nie optimaal met die Gawe van profesie gebruik nie" - so het hy tot aan die einde van sy pad verklaar. Ook om nooit ooit te uiter: "So spreek die Here!" as dit nie waarlik God is wat praat nie.

Evangelis Arie se Pa wie vasgeglo het dat hy weer tot die voltydse bediening soos vroeër sou terugkeer, het hom waar hy kon baie goeie ondersteuning gegee en veral sy eie besluit om hom in die Naam van Jesus te laat doop, was natuurlik vir beide Miemie en Arie `n baie groot onderskraging en veral op `n tyd van hulle lewens toe dit bitter nodig was weens die sterk verwerping wat hulle toe moes verduur het uit kerklike kringe. Arie se naam is natuurlik baie opsigtelik uit die rekords van hierdie twee voormelde kerke gevee en duidelik weens beleid en sienswyse, en dit is nogal eienaardig want "Oupa Blomerus" was op sy getuienis die eerste een wat sy huis in Lichtenburg oopgestel het vir dienste, en dit sommer kort na Spade Reën Sending se totstandkoming en toe Corrie Prinsloo pas by die beweging aangesluit het. Maar as ons in ag neem dat Arie `n sterk faktor was vir Bybels gefundeerde optrede en veral komend by die Geesgawes – en om nie die kerk in `n winsgewende bedryf te omskep nie, behoort mens te kan begryp dat hy alles behalwe gewild onder sy tydgenote sou wees! (Maria Fraser het wel sy naam op die kerk se ererol geplaas saam met die van sy broer wie ook baie vir die Here, veral in sy vroeër bediening, gedoen het).

Na die skeuring in 1939 was daar natuurlik `n tyd van groot skommeling, hergroepering, heraanpassing en veral die voltydse werkers tot en met 1939 was sterk daardeur geraak. Evangelis Arie en sy vrou Miemie het toe veral kwaai onder kritiek en verwerping deurgeloop, ten spyte van sy sterk gewildheid as prediker en planter van gemeentes regoor Suid-Afrika en wat beslis toegeskryf kan word aan Arie se baie spesiale profetiese bediening en salwing. Sy getuienis was geoudio en diegene wat belangstel in die funksionering van die egte werking van die Geesgawes kan gerus daarna luister saam met Miemie se oudioboek ("Die Heilige Gees in My Bediening" en "Kruik Vol Lewende Water" aangebied op hierdie webtuiste).

As gevolg van die doop in die Naam van Jesus, het hulle saam met hulle gesin, `n pad van verwerping geloop en waar Arie self veral die gemeente in Parys, O.V.S., wat hyself gestig het en waar die Here ook op besondere wyse aan hom verskyn het tydens `n vastingsperiode, kon opgeëis het vir homself (dit was maar een van die gemeentes wat hy as evangelis vir die Here destyds geplant het), het hy saam met Miemie besluit om die tentmakersbedryf te beoefen terwille van Waarheid en ook die behoud van die egte werking van die Geesgawes wat beide van hulle hoog aangeslaan het. Arie se Pa was altyd `n groot ondersteuner vir hom en vir Miemie en alhoewel hy nie self ooit `n geestelike leierskapposisie onder die Pentekostaliste beklee het nie, was sy standvastigheid in die Here altyd `n sterk stut vir sy gehele familie net soos wat hy dit altyd vir Arie en Miemie was. Sy Pa en stiefma van Arie, ook `n gelowige vrou wie saam met die hele gesin in 1926 tot bekering gekom het in Lichtenburg, het in Pretoria in Roseville gewoon maar selfs toe Miemie en Arie na Boksburg toe verhuis het, het hy steeds vir hulle kom kuier. Hy was besonder bly toe sy naamgenoot, my Pa se eerste seun en vyfde kind, in Boksburg gebore is.

Hierdie foto van die dompeldoop in Jesus Naam word dan hier geplaas tot eer van Hom, ons Heiland, wie die Lig van

die Evangelie op merkwaardige wyse, dieper en algaande meer Skrifverantwoordbaar, openbaar gemaak het tot waar ons vandag nogsteeds ryklik daarin kan deel – en terwyl ons natuurlik nooit geestelik ophou groei nie! Dit getuig ook implisiet van geloof in Skrifwaarheid en gehoorsaamheid aan God, so kenmerkend aan hierdie tydperk, 1928-1950, en dit was dan waarlik `n tydperk van groot skommelinge, ook hergroepering op Pentekostalistiese gebied. Dit het ook baie waagmoed vereis want die "Wederdopers" was maar altyd bespot. Lektuur vanuit die tradisionele kerke was gereeld teen hulle uitgegee en hulle was dikwels, een en almal, as "kultuspraktiseerders" beskou.

Omrede so baie hulle saak deesdae stel, het ekself ook gevoel om klaarheid te gee oor gebeure wat, afgesien van die oudio's wat op die webwerf daaroor handel, moontlik meer openlik aangespreek behoort te word. Die foto by die doopwater spreek dan ook van baie siele wat Jesus in opregtheid van gees gevolg het en om hierdie rede is die bes moontlike uitweg om nou, hier aan die vooraand van die wederkoms van Jesus, waarlik met volle gemoedsoortuiging oor te skakel na die goddelike liefde wat "alles" wat nie van God is nie, kan vergewe en vergeet! Trouens, dit is Jesus wat die loon gaan uitdeel en mag Hy vir ons almal in daardie dag sê: "Getroue dienskneg, gaan in die vreugde van jou Heer!"

Ek sluit graag af met Oupa Blomerus se Pinksterliedjie en wat ook op sy begrafnis gesing was wat ek as sewejarige bygewoon het en tot vandag toe onthou:

O my siel wees bly
Jou verlossing is naby
En die heerlike kleed sal jy dra
Wees getrou en waak
Hou jou klere rein
Want die koms van die Here is naby!
Daar sal gloriefees in die hemel wees
In die heerlike lig
Van Sy aangesig
As my Jesus kom
Hallelujah
As my Jesus kom
Hallelujah!

Opgestel deur Ester Blomerus
2019-05-16
www.housealtarnetwork.com

Hierdie artikel word slegs op die webwerf aangebied.
This article is only published on this website.